

GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS
SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

TOEGEPASTE LANDBOUWETENSKAP SG

OCTOBER / NOVEMBER 2005
OKTOBER / NOVEMBER 2005

TYD: 3 uur

PUNTE: 300

INSTRUKSIES:

- Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings, Afdelings **A**, **B** en **C**.
- Beantwoord AL die vrae.


AFDELING A: Diereproduksie
AFDELING B: Gewasproduksie
AFDELING C: Verwerking van plaasprodukte

**AFDELING A
DIEREPRODUKSIE**

**VRAAG 1
MELKBEESSBOERDERY**


- 1.1 Noem die faktore wat ? invloed het op melkproduksie. (8)
- 1.2 Vyf spesifieke voedingsfases kan geïdentifiseer word vir optimale produksie, reproduksie en gesondheid van koeie. Noem hierdie fases, asook die duur van elke fase. (10)
- 1.3 Noem die belangrikste probleme waarmee die suiwelbedryf gekonfronteer word. (6)

1.4 Bestudeer die onderstaande skets en beantwoord die vrae wat volg.




- 1.4.1 Wat word die stelsel genoem? (2)
- 1.4.2 Noem VYF nadele van hierdie stelsel. (5)
- 1.5 Noem die voordele van kunsmatige inseminasie. (7)
- 1.6 Noem die regulasies wat nagekom moet word by die bou van ? melkkamer. (10)

1.7 Bestudeer die figuur en voorsien byskrifte vir A tot J. (10)



1.8 Noem die vereistes vir die vloere van enige intensiewebehuising-stelsel. (6)

1.9 Bestudeer die illustrasie en beantwoord die vrae wat volg.




- 1.9.1 Wat word hierdie metode van behuising genoem? (2)
 1.9.2 Noem TIEN voordele van hierdie stelsel. (10)
- 1.10 Bespreek die volgende nasorg-aksies by kalwers:
- 1.10.1 Burdizzo-kastrasie (6)
 1.10.2 Verwydering van byspene (4)
- 1.11 Beantwoord die volgende vrae oor mastitis:
- 1.11.1 Wat is **mastitis**? (2)
 1.11.2 Verduidelik die verskille tussen akute en chroniese mastitis. (6)
- 1.12 Bespreek die oorsake en voorkoming van geure en reuke in melk. (6)

TOTAAL VIR AFDELING A: [100]

AFDELING B
GEWASPRODUKSE


VRAAG 2
MIELIEVERBOUING

- 2.1 Benoem dele 1 tot 8 in die figuur van die ontkiemende mielieplant. (8)



- 2.2 Noem die verskillende groeistadiums in die groei en ontwikkeling van die mielieplant. (11)
- 2.3 Bespreek die klimaatvereistes vir mielieproduksie. (7)
- 2.4 Bespreek hoe bewerking die volgende prosesse in grond sal beïnvloed:
- 2.4.1 Infiltrasie en evaporasie (5)
 - 2.4.2 Ontkieming en wortelgroei (4)
 - 2.4.3 Erosie (3)

2.5 Bestudeer die prent en beantwoord die vrae wat volg:



- 2.5.1 Benoem die implement op die prent. (2)
- 2.5.2 Bespreek kortliks die nadele by die gebruik van hierdie implement. (4)
- 2.5.3 Vir watter tipe bewerkingsstelsel word hierdie implement gebruik? (2)
- 2.5.4 Noem VIER nadele van die sisteem wat in Vraag 2.5.3 genoem word. (4)
- 2.6 Bespreek die faktore wat in gedagte gehou moet word by die kies van ? mieliekultivar. (10)
- 2.7 Bespreek die gebruik van chemiese bevorderingsmiddels by chemiese beheer. (12)
- 2.8 Noem enige SES fisiese rekords op ? mielieplaas. (6)
- 2.9 Bespreek die meganiese oes van mielies. (6)
- 2.10 Gee die simptome van kop- en pluimbrand. (6)
- 2.11 Gee ? beskrywing van die snywurmlarwe en -mot. (10)

TOTAAL VIR AFDELING B: [100]

AFDELING C
VERWERKING VAN PLAASPRODUKTE

VRAAG 3

- 3.1 Verduidelik die samestelling van die eetbare gedeelte van ? heel eier. (8)
- 3.2 Bespreek die dehidrasie van eiers. (7)
- 3.3 Gee die klassifisering van tafelhoëls onder die hoof: *Jong sappige hoenders*. (8)
- 3.4 Beskryf die ontbeningsproses kortliks in die korrekte volgorde. (14)
- 3.5 Bespreek die voedingswaarde van melk onder die volgende hoofde:
- 3.5.1 Proteïene (3)
 - 3.5.2 Koolhidrate (3)
 - 3.5.3 Vette (3)
- 3.6 Verduidelik die samestelling van melk. (10)
- 3.7 Bespreek die stoor van melk by die huis. (7)
- 3.8 Bespreek die effek van hitte op melk. (8)
- 3.9 Wat moet in gedagte gehou word by die stoor van room? (5)
- 3.10 Bespreek die voorbereiding van vleis vir stoor in ? vrieskas. (8)
- 3.11 Bespreek die preservering van vleis onder die hoofde:
- 3.11.1 Beroking (4)
 - 3.11.2 Souting (4)
- 3.12 Noem enige AGT afvalprodukte van vleis. (8)

TOTAAL VIR AFDELING C: [100]

TOTAAL: 300

EINDE